**REEKS:** Kersfees 2019

*O die goeie tyding*
*o die blye tyding*
*helder klink dit met Kersfeestyd*
*Diep was ons verlore*
***Christus is gebore***
*Juig dan almal*
*jubel oor die saligheid*

*O die goeie tyding*
*o die blye tyding*
*kom met krag in die Kersfeestyd*
***Hy die Hemelkoning***
***maak by mense woning***
*Hy gebore in die volheid van die tyd*

**IMMANUEL**, GOD <u>**BY**</u> ONS

""Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom ***Immanuel*** noem." Die naam beteken ***God by ons***."
***Matteus 1:21-23 (NAV)***

"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. ***En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon*** — en ***ons het sy heerlikheid aanskou***, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid."
***Johannes 1:1;14 (AOV)***

1. GOD <u>**IS**</u> MET JOU.

"Gabriël het aan haar verskyn en gesê: "Ek groet jou, geseënde vrou!
***Die Here is met jou!***""
***Lukas 1:28 (NLV)***

"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die ***God van alle vertroosting***, wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word."
***2 Korintiërs 1:3-4 (AOV)***

"In elke moeilikheid ***bemoedig Hy ons***."
***2 Korintiërs 1:4 (NAV)***

2. GOD **WAS** MET JOU.

“Terwyl Josef daar in die tronk was, ***was die Here by hom***, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind, sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het.”
***Genesis 39:20b-21b (NAV)***

3. GOD **SAL** SAAM MET JOU WEES.

“***Wie kan ons van die liefde van Christus skei?*** Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe: “Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.” Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.”
***Romeine 8:35-39 (NAV)***